NOTULE VAN 'n VERGADERING VAN DIE PLAASBESTUUR WAT OP 29 APRIL 1975 IN DIE SINODALE SENTRUM GEHOU IS

1. TEENWOORDIG

Ds D.S.Snyman Voorsitter
Mnr C.R.P. Jacobs
Ds J.L. Pretorius Sekretaris

2. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter open die vergadering met gebed en heet die aanwesiges welkom, veral mnr C.R.P. Jacobs wat vir die eerste keer 'n vergadering bywoon.

3. AFSTERWE VAN BROER VAN VOORSITTER

Die vergadering betuig staande sy meegevoel met die Voorsitter wie se broer die vorige dag heengegaan het.

4. PLAASINSPEKSIE

Mnr C.R.P. Jacobs en die Sekretaris het die plaas besoek en die volgende opgemerk:

4.1. Die veld is in 'n goeie toestand.
4.2. Drie windpompe is nie heeltemal in goeie orde nie.
4.3. Heelwat onkruid het in die watervoor gegroei.
4.4. Die geboutjies, met uitsondering van die buitegeboue van die verwyderde woning, is baie oud en verweerd.
4.5. Die lusernlande is as gevolg van die baie reën deur gras ingeneem.
4.6. Daar is ongeveer 60 springbokke.

5. BEPLANNING VAN PLAAS

Die Bestuur besluit in beginsel ten gunste van die beplanning van die plaas. Aan die Sekretaris word opdrag gegee om besonderhede in verband met subsidie, ens. in te win.

6. HUURKONTRAK

Die vergadering neem die huidige huurkontrak in behandeling en keur dit goed met die volgende wysiginge:

6.1. Ten opsigte van die lande moet die betrokke artikels as volg gewysig word: "Die huurder sal verantwoordelik wees vir die hervestiging van lusern of enige meerjarige weidingsgewas op die bestaande lande op so 'n wyse dat daar op enige tydstip nooit minder as 4 morge lusern sal wees nie en dat by wyse van wisselbou oor 'n redelike aantal jare al die lande afwisselend onder lusern sal kom."

6.2. Die premie op agterstallige huur verhoog word van 8½% na 12%.

6.3. Die artikel insake minerale regte met die kerk se prokureurs bespreek word, en indien dit noodsaaklik blyk te wees, die nodige veranderinge aan te bring.

7. VERHUUR VAN DIE PLAAS

Op versoek van die Bestuur woon mnr J.P. van Schalkwyk die verdere verrigtinge van die vergadering by.

7.1. Die huur van die plaas vir 'n verdere termyn van 3 jaar teen R3 000 per jaar word aan mnr van Schalkwyk aangebied en deur hom aanvaar.

.../2

7.2. Mnr van Schalkwyk onderneem om, indien die plaas beplan word, toesig oor die werk te hou en alle materiale aan te ry.

7.3. In oorleg met mnr C.R.P. Jacobs sal mnr van Schalkwyk die bome wat die werk= verrigting van een van die windpompe belemmer afkap, asook die pype van die wind= pompe wat defek is, optrek. Oor laasgenoemde sal die Bestuur geadviseer word.

7.4. Ter gelegenertyd sal mnr J.P. van Schalkwyk aandag gee aan die skoonmaak van die watervore.

7.5. Na raadpleging met die Saakgelastigde sal die assuransie wat deur mnr van Schalkwyk kragtens die kontrak uitgeneem moet word, bepaal word.

8. SPRINGBOKKE

Die vergadering besluit dat die Voorsitter en mnr Jacobs die skiet en verkoop van die die springbokke sal reël. Mnr J.P. van Schalkwyk onderneem om hiermee behulp= saam te wees.

9. GROOT WINDPOMP

Dit word aan die Sekretaris opgedra om volledige besonderhede te verkry in verband met die groot windpomp langs die spruit, aangesien die Bestuur die verkoop van hierdie windpomp in oorweging wil neem.

10. SERWITUUT OP WATER

Op versoek van mnr J.P. van Schalkwyk onderneem die Sekretaris om aan eersgenoemde volledige besonderhede te verstrek in verband met die serwituut op die water van die fontein.

11. MATTE EN LYNDRADE

Mnr J.P. van Schalkwyk deel mee dat daar onsekerheid bestaan oor die verdeling van verantwoordelikheid tussen die bure en die eienaars/huurder van Valsfontein ten opsigte van die drade en matte. Dit word aan die sekretaris opgedra om volledige besonderhede hieroor by mnr H. Matthee, vorige plaasbestuurder te verkry, en die inligting aan mnr J.P. van Schalkwyk te verstrek.

12. MOTORHEK

Mnr J.P. van Schalkwyk bring die probleem wat hy met die motorhek op die pad na Ems ondervind, onder die aandag van die vergadering. Dit is onseker wie vir hierdie motorhek verantwoordelik is. Die Sekretaris en mnr J.P. van Schalkwyk onderneem om inligting oor hierdie saak in te win.

13. AFSLUITING

Op versoek van die Voorsitter sluit die Sekretaris die vergadering af met 'n gebed.

---------- ----------

VOORSITTER SEKRETARIS

----------

DATUM